PROJEK 4 HOE OM 'N GORDYN-RELING OP TE SIT

JY BENODIG

gordynreling, skroewe, sementboorpunt (6 mm), koordlose boor, potlood, waterpas, skroefprop (6 mm), leer, maatband (plus 'n ekstra paar hande!)

STAP 1

Besluit of die gordyn tot op die vloer gaan hang en of dit net-net aan die vloer gaan raak. Meet die gordyn se lengte. Meet hierdie afstand nou van die vloer af boontoe, voeg die breedte van die reling by en merk hier waar jy die reling gaan vassit.

STAP 2

Hou die reling in posisie by die merk wat jy aangebring het en gebruik 'n waterpas om seker te maak dat dit reguit is. Hier is 'n ekstra paar hande baie belangrik! As jy op 'n leer moet staan, maak seker dit staan stewig. Merk die skroefgaatjies met 'n potlood teen die muur.

Gevoerde gordyn van Private Collection Jacquard (230 cm x 218 cm) **R219,95**, **Boardmans**. Rottang-dagbed **R2 399, Wetherlys**. Kussings **R75 elk**, **@home**.

STAP 3

Gebruik 'n boor met 'n 6 mm-sementboorpunt om die gate te boor. Boor op die gewone boorfunksie sodat die pleister nie kraak nie. Gebruik die hamerfunksie as jy baksteen tref. Sit skroefproppe (6 mm) in die gate. Skroef die skroewe vas wat saam met reling gekom het.